Dear friends and family!

The month of September means the start of spring for the southern hemisphere but over here in Zambia it is still bleak and dry and very hot this time of year while nature is waiting in anticipation for the rains to come but the rain that would bring welcome relieve would not come till the end of November. It is just amazing when you realise that the trees and the bush are nevertheless coming alive again although not a single drop of rain has fallen yet.

We are also entering a whole new season here at ZaMulimu; God is at work and we can see and experience it every day! We have sent two of the locals for the OM discipleship training in Kabwe. Vincent is the lay pastor at the local church and Dixon is the only deacon in the church and although the English language is a bit of a challenge for both of them we know that God has some amazing plan with that. Would you please pray that they would not be discouraged? Benjamin has come back for a short time to help at the church while Vincent and Dixon are out of town.

Exiting news is that Andre and Martie van Zyl have come to join us permanently from OM Kabwe. They have been in the mission field in Zambia for six years now and their ministry is Farming God's Way (FGW) where they teach the locals to increase the yield from their maize fields and vegetable gardens through the use of biblical principles. They also teach them to use compost instead of fertilizer and the increased yields they get are just amazing. Andre and Martie have had great success with FGW and relationships are built through the ministry while the good news of Jesus is also spread throughout the region. On the picture they are moving house and they are living in one of the dorms for the time being. They also brought twenty layer chickens and we now sometimes have the luxury of having eggs for breakfast. How about that! God is busy building his church and it is very exciting to play a very small part in that.

OM Zambia

Kanjanji Orphan Project

His heart, His hands, His little children

Like us on Facebook

No. 98 – Oct 2014

Andre and Martie with FGW

New disciples:Vincent and Dixon

Liewe vriende en familie!

Septembermaand is lente in die suidelike halfrond maar in hierdie geweste is alles nog vaal en droog en baie warm hierdie tyd van die jaar in afwagting op die reëns wat eers einde November gaan kom. Nogtans is dit wonderlik om te sien hoe die bome en bos begin ontwaak sonder dat enige druppel reën geval het.

Hier by ZaMulimu gaan ons ook 'n baie opwindende nuwe seisoen binne; die Here is aan die werk en ons sien en ervaar dit elke dag! Twee van ons plaaslike mense, Vincent en Dixon, doen nou die OM dissipelskapkursus in Kabwe. Vincent is die lekeprediker by die plaaslike kerkie en Dixon is een van die enkele diakens en alhoewel engels maar vir albei van hulle 'n effe van 'n probleem is, weet ons die Here het 'n opwindende plan hiermee. Bid asb. gereeld vir hulle! Benjamin is nou weer vir 'n tyd terug by ons om te help by die kerkie, terwyl Vincent en Dixon "uitstedig" is.

Die ander baie goeie nuus is dat Andre en Martie van Zyl van OM Kabwe permanent by ons kom aansluit het. Andre en Martie is al 6-jaar in die sendingveld in Zambië en hulle bediening is Farming God's Way (FGW), waarmee die plaaslike mense geleer word om hulle lappies mielies en groentetuine te bewerk deur bybelse beginsels te gebruik. FGW leer mense onder andere om kompos te maak met dit wat ons uit die natuur kry en die grond voor te berei sonder om kunsmis te gebruik en die verhoogde opbrengste wat jy uit 'n klein lappie mielies kan kry is ongelooflik. Andre en Martie het groot sukses met FGW en so word verhoudinge gebou met die plaaslike gemeenskap terwyl die goeie nuus van Jesus uitgedra word. Links is hulle hele trek en ons het hulle eers in een van die "dorms" laat intrek . Hulle het ook 20 lê-henne saamgebring en ons het bykans elke dag nou 20 eiers! God is besig om sy kerk te bou en dit is opwindend om 'n klein deeltjie daarvan te wees.

Soon Michael and Betty Chirwa from Sesheke are coming to join us. They are both Zambian and Betty has an amazing women's ministry while Michael would focus on the youth.

More good news is that second daughter is coming to join us in December this year. Some of you might remember that Doreen Kamwenga qualified through the Kanjanji Project as a pre-school teacher and everything has come full circle now. She is now going to use her skills in the pre-school- and orphan ministries. Isn't it just amazing?! We have been praying that God would sent us people to help us and it is like all the pieces of the puzzle are falling into place now.

Prayer requests:

Would you please go on your knees and put your hands in the air as we give our Creator all the glory as we thank Him for:

- good health,
- the first two from this area to do discipleship,
- Andre and Martie, that God would touch many lives through their ministry,
- everyone's involvement; it is you who are making it possible for us to spread the Good News of Jesus,
- His love and presence which we experience every day.

Thank you again for your involvement-even if it is just to pray! We know without a doubt that God brought us to this place because He has an amazing plan!!

Please follow us on Facebook or visit our web site: www.kanjanji.com

Many blessings from Barotseland.

Lourie & Gisela Ferreira
www.kanjanji.com
P.O.Box 5,Sesheke,Zambia
Tel: +260 997 867125
E-mail: gisela.ferreira007@yahoo.com

Benjamin on his birthday

Micheal and Betty Chirwa

Eersdaags kom Michael en Betty Chirwa wat tans in Sesheke sendingwerk doen hulle ook by ons aansluit. Hulle is albei gebore Zambiërs en Betty het 'n dinamiese vroue-bediening terwyl Michael 'n jeug bediening het.

In Desember kom ons tweede dogter haar permanent by ons voeg. Julle mag dalk onthou dat Doreen Kamwenga deur die Kanjanji Projek gekwalifiseer het as 'n voorskoolse onderwyseres en sy gaan nou haar kennis gebruik in die voorskoolse- en weeskindbediening. Sjoe, ons het gebid dat God vir ons mense moet stuur om te kom help en dis asof die legkaart sommer nou vinnig in plek val.

Gebedsversoeke:

Ons nooi julle graag om saam met ons op ons knieë te gaan en ons hande in die lug te gooi om ons Skepper al die eer te gee en saam dankie te sê vir:

- goeie gesondheid,
- die eerste twee in hierdie area wat dissipelskap doen,
- Andre en Martie, dat hulle baie seën sal hê met FGW,
- almal se betrokkenheid; julle is die mense wat ons arms omhoog hou sodat ons die Woord hier kan uitdra,
- Sy liefde en teenwoordigheid wat so tasbaar is hier in 'n afgeleë wêreld/streek.

Dankie weereens vir julle betrokkenheid –al is dit net gebed! Ons weet sonder enige twyfel dat God ons hierheen laat kom het want Hy het 'n ongelooflike plan!!

Volg ons asb op Facebook of besoek ons opgedateerde webwerf www.kanjanji.com

Seën uit Barotseland.

Lourie & Gisela Ferreira
www.kanjanji.com
P.O.Box 5,Sesheke,Zambia
Tel: +260 977 867125
Epos: gisela.ferreira007@yahoo.com